Was jy daar?

Lydia se Tuinparty-tradisie leef voort!

Vyf dekades se Oud-Lydianers het vroeër vanjaar hierdie tradisie saam beleef. Fondse wat ingesamel is, was ten bate van die heel eerste Mej Lydia skoonheidskompetisie. Besoek die Lydia webtuiste by http://student.sun.ac.za/lydia/ vir 'n volle berig oor die lekker dag, en ander gereelde nuus en foto's.

Sielkunde III-klas van 1955

Die US se Sielkunde III klas van 1955 het 'n 50-jarige reünie einde verlede jaar aan huis van prof JW (Justus) van Rooyen in Karindal, Stellenbosch gehou.
Van links is prof Justus van Rooyen, mev Elma Theron (Hartmann), prof AB van der Merwe, mev Mary-Ann van Rensburg (Adler), mev Nita Houghton-Hawksley (Britz), mev Marí Wessels (Conradie) en prof Izak van Biljon.
Maak kontak met prof Van Rooyen by e-pos jwvr@adept.co.za of by telno (021) 883 3270.

Monica word 80

Die dames van Monica het op Saterdag 13 Mei groot makietie gehou ter viering van hul 80ste bestaansjaar. Dit was 'n wonderlike oggend - 'n geleentheid vir oud en jonk om te klets oor die verlede, hede en toekoms. Die gees van die non leef beslis nog voort!
Op die foto is 'n huidige inwoner, me Lorraine Geldenhuys; die oudste dame by die geleentheid, me Kath Jansen (Coetzee) wat in 1936 'n eerstejaar in Monica was en me Cecile van der Merwe (du Toit) wat in 1943 eerstejaar was.

Die Matie-redakteurs hou reünie!

Vroeër vanjaar het 'n groot getal oudredakteurs van *Die Matie* reünie gehou om die 65ste bestaansjaar van dié studentekoerant te vier.

Onder die oudredakteurs wat die spoggeleentheid in die Oude Libertas Restaurant bygewoon het, was die oudste redakteur, mnr Gerhard Roux (redakteur in 1946), dr Dirk Hertzog (1968), adv Altus Joubert (1974), mnr Koos Bekker (1975) en me Jacolette Kloppers (2001). Die huidige redakteur is mnr André-Pierre du Plessis.